NATIONAL LOTTERIES COMMISSION
LOTTO FUNDED

# Jeug VANDAG

GIRLS & BOYS TOWN
Healing Heartbroken Children

MEI 2025 'N NUUSBRIEF VIR ONDERSTEUNERS VAN GIRLS & BOYS TOWN SA



## NASIONALE KINDERBESKERMINGSWEEK: 29 MEI TOT 5 JUNIE 2025

***Ons nuwe publieke video beklemtoon hoe belangrik dit is om die kringloop van trauma te breek.***

Elke jaar herinner die **Nasionale Kinderbeskermingsweek** ons in Suid-Afrika opnuut aan ons gedeelde verantwoordelikheid om 'n veiliger, koesterende land vir ons kinders te skep. Vanjaar plaas ons die kollig op 'n werklikheid wat ons daagliks by Girls & Boys Town Suid-Afrika teëkom: **Trauma is nie 'n tydstip nie – dis 'n siklus.** En tensy ons konsekwent en met deernis ingryp, gaan dié siklus tot in die volgende geslag voortduur.

Kinders wat in ons sorg beland, dra dikwels meer as net hul skooltasse – hulle dra onsigbare laste: vrees, verwaarlosing, mishandeling en verwerping. Maar met die regte sorg kan hulle weer heel word. Ons bied nie net 'n plek van veiligheid nie; **ons werk daaraan om vertroue te herstel, identiteit te herbou** en kinders toe te rus met die gereedskap om 'n positiewe toekoms anderkant die pyn te sien.

By Girls & Boys Town Suid-Afrika is dit **ons missie om gebroke kinders te genees en nuwe hoop te gee.** Dis meer as 'n leuse, dis die rede vir ons bestaan. Deur middel van gesinstyl-wonings, terapeutiese sorg, mentorskap, opvoeding en vennootskappe met die gemeenskap help ons jeugdiges om uit die skadelike patrone los te breek en met veerkragtigheid vorentoe te gaan.

Ons nooi u om tydens vanjaar se **Nasionale Kinderbeskermingsweek** na ons jongste PSA-video te kyk vir 'n vlugtige blik op die kernwerk wat ons doen, en hoekom dit nou belangriker as ooit is. Wanneer 'n mens trauma begryp, verstaan ons hoe uiters dringend dit is.

*Kyk hier na ons nuwe PSA-video:*
https://girlsandboystown.org.za/video-channel/

Saam kan ons die verhale van kinders in nood herskryf. **Saam kan ons beskerm. Ons kan genees. Ons kan die siklus breek.**

Hierdie nuusbrief en ander sleutelaktiwiteite by Girls & Boys Town Suid-Afrika word moontlik gemaak deur die steun van die Nasionale Loterykommissie (NLK). Die NLK se befondsing dra wesenlik daartoe by dat ons kwesbare kinders en gesinne in Suid-Afrika kan bereik en help genees. Ons is trots daarop dat ons 'n ontvanger van NLK-befondsing gedurende die 2025/2026-tydperk is. Besoek die ***Nasionale Loterykommissie*** om meer oor hul steuning aan soortgelyke projekte uit te vind.

### Ons Visie

Die jeug, gesinne en gemeenskappe; Suid-Afrika se krag en toekoms.

### Ons Missie

Ons missie is om hartgebroke kinders te heel, hoop te herstel en 'n veilige omgewing vir die kinders en jongmense in ons sorg te gee waar hul kan floreer en genees.

### Voordele van 'n bemaking aan Girls & Boys Town

'n Bemaking in 'n Testament aan Girls & Boys Town, 'n geregistreerde 'Openbare Weldaadsorganisasie' in terme van Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) word afgetrek van die waarde van u boedel, wat onderhewig mag wees aan boedelbelasting. U bemaking aan Girls & Boys Town sal gevolglik totaal vry wees van boedelbelasting en sal die deel van u boedel wat onderhewig is aan Boedelbelasting verminder.

Volg ons

**Nasionale hulplynnr:** 0861 58 58 58
Privaatsak X6, Greenside, 2034 Suid-Afrika
Tel. 011 482 2655 Faks. 011 482 6059 / 0866 131 580
E-pos mailing@gbtown.org.za
Webruimte www.girlsandboystown.org.za
Geregistreer as 'n organisasie sonder winsoogmerk (Wet 71 van 1997)
**Registrasienr. 009-244 NPO**
PBO: 130000379
Geregistreer as 'n welsynsorganisasie (Wet 100 van 1978)



# Skitterende skooluitslae, ondanks groot struikelblokke

Met hierdie – my eerste – skrywe in Jeug Vandag wil ek begin deur u hartlik te verwelkom as hoogs gewaardeerde vriende en ondersteuners van ons werk. Sonder u sou die talle persoonlike oorwinnings wat ons kinders daagliks soveel vreugde bring, nie moontlik gewees het nie.

Dankie dat u aan ons sy is en deel het aan hul genesing.

Soos u op die voorblad kan sien, het ons dié publikasie beplan om so na as moontlik met Kinderbeskermingsweek saam te val. Ons onderskryf uiteraard die doelwitte van die veldtog en verwelkom vanjaar se fokus op die verbreking van die traumasiklus.

**Noodsaaklike platform**

Ons werk deurgaans met die kinders en hul families om hul lewensvaardighede te versterk en noodsaaklike hulpbronne so doeltreffend, doelgerig en omvangryk moontlik beskikbaar te stel. Die meeste van ons jongmense by Girls & Boys Town SA – sowat 200 elke jaar – woon tydelik by ons en gaan na die mees geskikte skole in die omgewing. Ons noue samewerking met hierdie meisies en seuns deur hul hele skoolloopbaan skep trouens 'n platform waarop hulle vertroue in hul eie akademiese vordering kan bou.

Ons het nog nie kans gehad om verlede jaar se akademiese prestasies met u te deel nie, daarom doen ek dit graag nou – met 'n hart wat swel van trots.

**'n Viering van sukses**

Ondanks die uiters moeilike omstandighede wat hulle by ons gebring het, is heelparty leerlinge beloon met lewensveranderende geleenthede ter erkenning van hul veerkragtigheid en ywer om hul doelwitte en mikpunte te bereik.

Ná al die fisieke en geestelike trauma wat hulle deurgemaak het, is hul vermoë om aan te pas, te verander, te leer en te floreer in 'n ander koesterende struktuur net wonderbaarlik.

Nogmaals baie dankie vir u vriendskap en ondersteuning.



Karen Farred
Hoof Uitvoerende Beampte

# Nuwe steun aan die ontwikkeling van jong kinders

Onlangse aanduidings dat die Departement van Finansies hul toewysing aan Vroeë Kinderontwikkeling (VKO) in die begroting gaan verhoog, is bemoedigend. Dit is deel van die regering se groter strategie om opleiding van 'n vroeë ouderdom af te versterk met die oog op die langtermyn voordele wat dit vir Suid-Afrika se sosio-ekonomiese vooruitsigte inhou.

Indien VKO wel meer aandag kry en die regering se doelwit van nagenoeg 700 000 kinders onder vyf die voordele van VKO kan geniet, sal dit 'n uitgebreide positiewe uitwerking op miljoene Suid-Afrikaners hê – insluitend die kinders se broers en susters, familie en vriende.

**Oorkom struikelblokke ter wille van geleenthede**

By Girls & Boys Town SA besef ons dat elke opvoedkundige reis uniek is. Maar, gegewe die ervarings van ons jong inwoners, beteken die feit dat die oorgrote meerderheid uit behoeftige omgewings kom dat hulle weinig toegang tot VKO gehad het.


**Leerondersteuning**

Wanneer die owerhede 'n tienderjarige aan een van ons sentrums toewys, kort die meeste van hulle akademiese leiding. Daarom is daar by al die Girls & Boys Town SA-jeugontwikkelingsentrums ook leerondersteuningsentrums met spesiaal opgeleide personeel wat remediërende hulp en steun bied.

**Trots op ons 2024-resultate**

In hierdie konteks van uitstyg en presteer bo én ondanks talle komplekse probleme waarmee jongmense by Girls & Boys Town SA aankom, is dit vir ons 'n eer om hul merkwaardige suksesse hier met u te deel.

Namate die resultate ontvang en ontleed is, kon ons die feit vier dat 88% van ons 110 Girls & Boys Town SA-inwoners wat eksamen geskryf het, geslaag het. Mooi so, julle!




*Van al ons meisies en seuns wat in 2024 eksamen geskryf het, het 88% hul vakke geslaag.*



## Ondersteun ons nou ook deur MySchool

Jy kan Girls & Boys Town SA nou ondersteun deur middel van die MySchool-program. Indien jy nog nie 'n MySchool/MyVillage/MyPlanet-kaart het nie, doen gerus aansoek om jou gratis kaart en kies Girls & Boys Town SA as jou begunstigde. Sodra jy die kaart begin swiep, begin ons fondse ontvang. Elke swiep tel!

**Kry jou kaart deur die kliëntedienssentrum te skakel by 0860 100 445 of e-pos cs@myschool.co.za.**

**Vind meer uit by www.myschool.co.za/schools/.**




## Meer oor ons erflatingsprogram

In reaksie op navrae van vriende en donateurs het ons die Bequest Booklet op ons webblad geplaas. Dit is 'n eenvoudige, maklik leesbare gids vir enigeen wat 'n erflating aan Girls & Boys Town SA oorweeg.

Deur 'n erflating te maak of 'n uitkeer- of versekeringspolis aan ons te sedeer, help u om te verseker dat ons altyd daar is om kwesbare jong dogters en seuns vir nog baie jare te help en hul te bemagtig om uit te blink ( S.H.I.N.E.®).

Lees gerus die brosjure of laai dit af by:

https://girlsandboystown.org.za/wp-content/uploads/2018/11/Legacy-Bequest-Trifold-Brochure.pdf

Vir meer inligting, nader asseblief Gertrude Wilson telefonies 011 482 2655 of per e-pos mailing@gbtown.org.za





# klas van 2024

# Veels geluk

## AAN ONS 2024-MATRIEKS!

*Ondanks die talle en komplekse probleme waarmee jeugdiges by Girls & Boys Town SA aankom, toon hulle 'n merkwaardige wil om uit te styg en te presteer. Hiervan is ons 2024-matriekklas nog 'n puik voorbeeld, en dis vir ons 'n eer om hul wonderlike suksesse te deel …*

*• Al agt leerlinge in Gauteng het in Desember 2024 matriek geslaag: een met universiteitstoelating, drie kan vir 'n diploma gaan studeer en vier het die nasionale sertifikaat verwerf. Almal het met die hulp van ons leersentrum-personeel, aansoek gedoen om werk of verdere studies.*

*• Vier jongmense van Macassar in die Wes-Kaap het beurse ontvang vir drie jaar se onderrig by skole wat fokus op wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde.*

*Ons deel ook graag die verhale van persoonlike groei met twee van ons 2024-matrieks – Nofoto en Funeka…*

## NOFOTO

Met 'n ma wat nie wou hoor dat Nofoto se stiefpa haar mishandel nie, moes Nofoto heelwat emosionele pyn verwerk. Hul ma-en-dogterverhouding is gebaseer op seerkry en woede, voor Nofoto op 16-jarige ouderdom na Girls & Boys Town SA gekom het. Sy het goed ingeskakel en geleer hoe om die groot én klein veranderinge wat haar tot hier gelei het, te bestuur. In ons sorg het sy besef wat dit beteken om veilig te voel, en hoe om die herinneringe en emosies van 'n ontwrigtende verlede te hanteer.

Dit alles het onvermydelik sy tol op haar leervermoë geëis. In haar matriekjaar was dit duidelik dat sy agterraak en dalk nie die eindeksamen sou slaag nie. Maar danksy ons positiewe ingryping het sy deurgedruk en met 'n Hoër Sertifikaat geslaag.

Haar gedrag teenoor haar ma het begin verbeter en nadat haar stiefpa uit die huis getrek het, het sy gedurende skoolvakansies daar gaan kuier. "Ek het my stiefpa vergewe" – hierdie oomblik van heling het gelei tot 'n herstelde verhouding met haar ma.

Vandag studeer sy deeltyds grafiese ontwerp en help met kinders by 'n nasorgprogram van haar kerk. Sy is met haar biologiese ma herenig en gelukkig om weer by haar familie te wees.

## FUNEKA

Sy was net 4 maande oud toe haar geestesversteurde ma gedreig het om haar dood te maak. Nadat die ma oorlede is, is Funeka in pleegsorg geplaas en het sy alle kontak met haar broer en suster verloor; daar was nie eens 'n geboortesertifikaat met haar naam op nie!

Funeka het nooit die nodige emosionele sorg gekry nadat sy uit so 'n traumatiese en gebroke huis gekom het nie. Talle selfmoordpogings asook onbeheerbare gedrag, het sy later by Girls & Boys Town beland. Ons het haar broer genader, wat gevra het om na haar om te sien maar die realiteit van verwonde en verwaarloosde kinderjare het 'n verhouding met hom onmoontlik gemaak. Al wat Funeka geken het, was verwerping, vrees en 'n lae selfbeeld.

Tydens ons werk met haar het sy begin verstaan watter uitwerking trauma op haar denkwyse, gevoelens en optrede het. Sy het geleer om haar emosies en gedrag te beheer en die pad na herstel aan te pak.

Funeka is nou met haar sibbe herenig, en ons het saam met haar aansoek gedoen om 'n volledige geboortesertifikaat as eerste stap na die verkryging van 'n ID-dokument. Daarna hoop sy om by die Universiteit van Johannesburg en die South African School of Motion Picture Medium and Live Performance in te skryf.

Uiteindelik voel sy dat sy êrens hoort – 'n bewys dat 'n verbintenis en die regte ondersteuning lei tot groei en geluk.

# Stop die boelie!



***Weg met boeliegedrag in ons skole, huise en gemeenskappe! Genoeg is genoeg! Die bekroonde aktrise Nazli George bring die boodskap van haar baanbrekervertoning "Stop The Bully" na al ons jeugontwikkelingsentrums …***

Nazli George het haar vertoning Stop the Bully meer as 34 jaar gelede geskryf nadat te veel opvoeders haar vertel het van hul ervarings met kinders wat mekaar boelie. Dit was besig om hand uit te ruk.

"Dit is helaas hoe die stuk ontstaan het," vertel Nazli. "Dit speel af op die vlak van kinders wat hul stories vertel, en delf diep na wat dit is wat maak dat hulle ander boelie – ook hoe daardie oorsake dalk aangespreek kan word."

Tydens die vertoning ontdek kykers dat die kind tuis geboelie word en dat hy reageer deur dieselfde gedrag op sy skoolmaats uit te haal. Ons sien 'n gebrek aan respek teenoor sy onderwyser, hoe hy tereggewys word. Ook hoe die onderwyser besef dat daar 'n probleem is en 'n berader inroep.

Dit word duidelik dat die kind se gedrag 'n hulpkreet is en dat hulle moet uitvind waarom hy boelie.

Die kern van die verhaal is dat die kind as 'n boelie geëien word weens sy geskel, bakleiery, onbeskofte en oneerbiedige gedrag. Die wortel van die kwaad word geïdentifiseer: Die kind se stiefma boelie hom, daarom dink hy dis die regte ding om te doen en tree hy net so op by die skool. Die onderwyser kry hulp, beradingsessies word met die kind en die ouers gereël. Dit gee die gesin die geleentheid om verskille uit te stryk en saam te werk ten einde die kind se boeliegedrag te beëindig.

"Ek het 'n stukkie raad vir kinders," sê Nazli. "Skud jou hande en hou hulle dan voor jou gesig. Verbeel jou dis 'n spieël. Kyk daarin en vra jouself: Hou ek daarvan as iemand op my skel? Hou ek daarvan as iemand met my baklei? Hou ek daarvan as iemand my goed vat sonder om te vra? Hou ek daarvan as iemand my boelie? As ek nie van sulke dinge hou nie, hou niemand daarvan nie. So, wees lief vir jouself; respekteer jouself."

***"Ek is passievol daaroor dat elke kind die beste moet wees wat hulle kan; dat elke kind spesiaal is, die reg het om hier te wees en 'n geskenk – 'n seën – is. Dit kos 'n dorp om 'n kind groot te maak, hom of haar te vorm tot die beste weergawe van hom- of haarself; om daarna te streef om te presteer, in hulself te glo, dankbaar te wees en respek te betoon. Dit begin by jou." – Nazli George***

*Op die verhoog by ons Magaliesburg-kampus (bo), en 'n buitelugoptrede by Tongaat (hieronder)*



***NAZLI GEORGE*** is 'n bekroonde Suid-Afrikaanse aktrise met grade van die Universiteit van Kaapstad en Trinity College, Londen. Sy het al op televisie en in rolprente en verhoogproduksies opgetree. Sy is al meer as 39 jaar in die bedryf as akteur, skrywer, regisseur en vervaardiger.





*WAT OOKAL ONS DOGTERS EN SEUNS SE NAME MAAK NIE SAAK NIE ! Al die jongmense in ons nuusbriewe is ware Girls & Boys Town SA-familie! Ter beskerming van hul privaatheid is dit ons beleid om skuilname te gebruik. Ons hoop u het begrip daarvoor. Dankie.*